



*Matt 4 : 1—11*  
*Versek maar nie*  
*verlate nie*

### **Week 5 (Sondag 21 Februarie 2021)**

<sup>1</sup>Toe is Jesus deur die Gees die woestyn in gelei om deur die duiwel versek te word.

<sup>2</sup>Veertig dae en veertig nagte het Hy niks geëet nie en naderhand het Hy honger geword.

<sup>3</sup>Die verseker het toe gekom en vir Hom gesê: “As U die Seun van God is, sê hierdie klippe moet brood word.”

<sup>4</sup>Maar Hy antwoord: “Daar staan geskrywe: “n Mens leef nie net van brood nie maar van elke woord wat uit die mond van God kom.”

<sup>5</sup>Daarna neem die duiwel Hom na die heilige stad toe en laat Hom op die hoogste punt van die tempel staan

<sup>6</sup>en sê vir Hom: “As U die Seun van God is, spring af! Daar staan mos geskrywe: “Hy sal sy engele oor jou opdrag gee “en: “Op hulle hande sal hulle jou dra, sodat jy nie jou voet teen 'n klip sal stamp nie.”

<sup>7</sup>Jesus sê vir hom: “Daar staan ook geskrywe: Jy mag die Here jou God nie op die proef stel nie.”

<sup>8</sup>Toe neem die duiwel Hom na 'n baie hoë berg toe, wys Hom al die koninkryke van die wêreld met hulle prag

<sup>9</sup>en sê vir Hom: “Dit alles sal ek vir U gee as U neerval en my aanbid.”

<sup>10</sup>Maar Jesus sê vir hom: “Gaan weg, Satan, want daar staan geskrywe: “Die Here jou God moet jy aanbid en Hom alleen dien.”

<sup>11</sup>Daarna het die duiwel Hom met rus gelaat, en daar het engele gekom en Hom versorg.

## **VRAE VIR DIE WEEK SE BYBELSTUDIE AS GESIN**

### **Maandag**

1. Wie het Jesus die woestyn ingelei?
2. Hoekom dink jy kies die duiwel die woestyn om Jesus te versek?
3. Hoekom het Jesus 40 dae en nagte nie geëet nie?

### **Dinsdag**

1. Die duiwel versek Jesus eers liggaamlik, wat sê die duiwel moet Jesus doen?
2. Waarom dink jy sê Jesus dat mens nie net van brood alleen kan lewe nie?
3. Op watter maniere kan die duiwel ons nog liggaamlik in die verseking bring?

### **Woensdag**

1. Die tweede verseking is emosioneel. Wat sê die duiwel moet Jesus doen?
2. Dink jy Jesus was bang en alleen?
3. Hoekom sê Jesus mag jy nie God op die proef stel nie?

### **Donderdag**

1. Die laaste verseking is op Jesus se geloof. Wat moet Jesus doen? En wat sal die duiwel vir hom gee?
2. Wie moet jy alleen aanbid?
3. Dink aan nog maniere waar die duiwel ons laat twyfel in ons geloof?